

12

GOD IS DIE ENIGSTE GOD

Ons leef in 'n land met baie godsdienste

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLINGS

Die kinders moet weet wat die kenmerke, oortuigings en beginsels van die Islam-geloof is.

SPESIFIEKE DOELSTELLINGS

Kennis

Die kinders moet weet –

- dat die drie-enige God die enigste lewende God is; en
- dat Hy met ons in 'n verhouding wil wees.

Gesindheid

Die kinders moet –

- gemaklik daarmee wees dat ons van ander gelowe kan verskil; en
- teenoor hulle kan getuig dat Jesus Christus ons in genade aangeneem het.

Vaardigheid

Die kinders moet te alle tye kan getuig dat die drie-enige God die enigste God is.

MEER INLIGTING (Eksodus 20: 2-6; 1 Korintiërs 1: 18-31)

In die tien gebooie, Eksodus 20: 2-6 , leer ons dat God die enigste God is.

Daar is geen ander god nie, en niks anders in ons lewe mag vir ons 'n ander god word nie.

In die Bybel leer ons God ken as die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees.

In ons land is daar ook ander godsdienste waarvan ons weet.

Ons gee nie erkenning aan hierdie godsdienste nie, maar dit is tog belangrik om van 'n paar belangrike feite kennis te neem.

In hierdie faseles gaan ons kennis maak met die Islam-godsdiens.

Die Islam-godsdiens voer hulle ontstaan terug na Abraham van die Ou Testament.

Hulle band met Abraham is deur sy eerste seun, Ismael.
 Die stigter van die geloof was Mohammed wat in 570 nC in Mekka gebore is.
 Hy was baie gelowig en het deur 'n moeilike lewe bely dat Allah sy toevlug was.
 Hy het later geglo dat Allah hom geroep het deur die engel Gabriël en na die Arabiere gestuur het om hoop te bring.
 Die naam *Islam* beteken in Arabies *om jouself volkome aan god oor te gee*.
 Die bron of *boek* waaruit die Islam geken word, is 'n geskrif wat die *Koran* genoem word.
 Die Moslems glo dat die Koran die eie woord van Allah is waarvan die eerste kopie in die hemel is. Daar is heelwat teksgedeeltes uit die Bybel wat woordeliks in die Koran voorkom.
 Moslems se dag bestaan uit 'n eerste gebed tydens dagbreek, wanneer die moskee die oproep tot gebed oor die stad of dorp laat klink.
 Die moskee is die Islams se godsdienstplek.
 Nadat hulle gestort en aangetrek het, gaan die mans en ouer seuns na die moskee vir die gebruikelike gebed.
 Die vroue en klein kinders bid tuis.
 By die moskee kniel hulle vir die gebed met hul voorkoppe teen die grond.
 Hulle kos is halaal-voedsel wat voorberei is volgens die reinheidswette. Geen varkvlies of alkohol word toegelaat nie.
 Moslem-vroue dra klere wat hulle behoorlik bedek om aan die kuisheidswette te voldoen.
 Die kleiner kinders woon elke dag na skool die *madressa* by – dit is die Moslem-skool, amper soos ons kategeese.
 Daar leer hulle Arabies om die Koran te kan lees en om goeie Moslems te wees.
 Met sonder stap die mans na die moskee vir die sonondergebed.
 Huwelike word deur die families gereël en nie uit eie keuse van die bruid en bruidegom nie.
 Die laaste gebed vind plaas wanneer die son se rooi gloed verdwyn het.
 Daar kan ook enige tyd daarna tot middernag gebed word.
 Hoe kan ons met 'n Moslem oor Jesus Christus gesels?
 Dikwels vermy ons die gesprek omdat ons weet dat daar baie verskille is.
 Ons kan 'n Moslem as 'n godsdienstige ag, ons naaste wat gerespekteer moet word, maar nie as gelowiges wat die drie-enige God aanbid nie.
 Ons kan sonder om meerderwaardig te wees, oor geloof gesels en in elke gesprek die geleentheid gebruik om oor Jesus Christus te getuig.
 Ons hoef ook nie te maak of daar nie verskille is nie en toe te gee dat *ons almal tog maar dieselfde God aanbid* nie.
 Ons bely altyd ons geloof in die drie-enige God as die enigste ware God wat Hom in die Bybel aan ons openbaar as Vader, Seun en Heilige Gees.
 Ons vertrou dat die Heilige Gees deur ons gesprekke met ander gelowiges aan die woord kom om die ware Lig op hulle lewenspad te laat skyn.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.
- Velle papier waarop die verskillende groepe hulle antwoorde kan neerskryf tydens die Interfase Olimpiade.
- 'n Stophorlosie wat minute kan afmeet.

KOM ONS BEGIN

Begin met Gesang 450: 1 en 2. Sing dit saam of lees dit as 'n gebed.

*Vader, Seun, Heil'ge Gees,
hoe sal ons u heerlijkheid
kan verwoord, u lof besing
met 'n aardse stem?
Eer die Vader, eer die Seun, eer die Gees as God en Heer.
Eer ons God as Majesteit, loof Hom tot in ewigheid.*

*Woord uit Woord, Lig uit Lig,
kom as mens op aarde.
Bo begrip, bo ons verstand
is u grootheid, Heer.
Eer die Vader, eer die Seun, eer die Gees as God en Heer.
Eer ons God as Majesteit; loof Hom tot in ewigheid.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Lees saam met die kinders Eksodus 20: 2-6 en 1 Korintiërs 1: 18-31.

IETS INTERESSANT

Behandel die feite by **MEER INLIGTING** in die groot groep.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende in:






- Eksodus 20: 2-6 leer ons dat die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, die enigste God is.
- Die Islam-godsdiens voer hulle ontstaan terug na Abraham van die Ou Testament.
- Die stigter van die geloof was Mohammed wat in 570 nC in Mekka gebore is.
- Hy het later geglo dat Allah hom geroep het en na die Arabiere gestuur het om hoop te bring.
- Die bron of boek waaruit die Islam geken word, is 'n geskrif wat die *Koran* genoem word.
- Die moskee is die Islams se godsdiensplek.
- Hulle kos is halaal-voedsel wat voorberei is volgens die reinheidswette. Geen varkveis of alkohol word toegelaat nie.
- Ons kan 'n Moslem as 'n godsdienstige ag, ons naaste wat gerespekteer moet word, maar nie as gelowiges wat die drie-enige God aanbid nie.
- Ons hoef ook nie te maak of daar nie verskille is nie en toe te gee dat *ons almal tog maar dieselfde God aanbid* nie.
- Ons vertrou dat die Heilige Gees deur ons gesprekke met ander gelowiges aan die woord kom om die ware Lig op hulle lewenspad te laat skyn.

IETS OM TE DOEN

- Laat die verskillende graadgroepe opdeel in graad 8, 9 en 10 onderskeidelik.
- Die hoeveelheid kinders bepaal te alle tye die grootte van die groep.

- Indien die groepe baie groot is, kan die onderskeie graadgroepe verder opgedeel word in kleiner groepe van ongeveer 10.
- Gee aan elke groep 'n vel papier om op te skryf.
- Al die groepe ontvang die volgende opdrag:
 - Laat hulle in hulle groep praat oor die feite waarmee hulle so pas kennis gemaak het oor die Moslem-godsdienst. Laat hulle in hulle boeke kyk na die prente hieronder. Dit is die boustene van die Christelike geloof. Laat hulle uit die groep neerskryf hoe hulle vir iemand van 'n ander geloof sal verduidelik wat dit beteken. (Hulle moet onthou dat die persoon niks van julle geloof weet nie.)

Interfase Olimpiade 2



Hierdie is die tweede olimpiade en is soortgelyk aan die een by Les 6. Die doel hiervan is 'n leerervaring deur pret met 'n kompetisiekomponent. Hierdie olimpiade bestaan uit 3 verskillende afdelings.

- Gebruik dieselfde groepe wat tydens die aktiwiteit by **IETS OM TE DOEN** gevorm is.
- Deel weer aan elke groep 'n vel papier uit, en maak seker dat die groep 'n pen het.

Afdeling A – Stomstreke

- Laat elke groep 3 kinders aanwys wat 3 verskillende woorde of begrippe, een op 'n slag, aan die groep moet verduidelik in gebaretaal.
- Al die groepe se *stommes* kom kyk na die woord of begrip by die kategeet, en het dan 1 minuut om die woord of begrip aan die groep te verduidelik. Geen woorde, geluide of spelling van woorde mag gebruik word nie, slegs gebaretaal.
- Die groepe wat binne die een minuut by die regte antwoord kon uitkom, ontvang een punt. Die ander ontvang geen punte nie.
- Die 3 woorde of begrippe vir hierdie afdeling is: *Ou Testament, moskee, familie*.

Afdeling B – Slegs 'n prentjie

- Laat elke groep 3 kinders aanwys wat 3 verskillende woorde of begrippe, een op 'n slag, met 'n prentjie op 'n papier teken vir die groep om te identifiseer.
- Al die groepe se *kunstenaars* kom kyk na die woord of begrip by die kategeet, en het dan 1 minuut om die woord of begrip aan die groep te skets. Geen woorde, geluide of spelling van woorde of getalle mag gebruik word nie, slegs sketse.
- Die groepe wat binne die een minuut by die regte antwoord kon uitkom, ontvang een punt. Die ander ontvang geen punte nie.
- Die 3 woorde of begrippe vir hierdie afdeling is: *gebooie, bruidegom, gesprek*.

Afdeling C – Vasvra

- Die groepe lees nou 1 Korintiërs 1: 18-31 in hulle Bybels deur.
- Die groepe gaan nou deelneem aan 'n vasvra met 5 vrae: Die vrae word aan almal gestel, en die antwoorde word na afloop van die vrae gemerk. Een punt word toegeken vir 'n regte antwoord.
- Die 5 vrae (en antwoorde) is soos volg:
 1. Vir wie is die boodskap van die kruis van Christus onsin? *Vir dié wat verlore gaan.*
 2. Wat vra die Jode? *Wondertekens.*
 3. Wat soek die Grieke? *Wysheid.*
 4. Voltooi die vers: Aan God is dit te danke dat julle met *Christus Jesus* verenig is.
 5. Wat moet dié doen wat wil roem? *In die Here roem.*

Aan die einde van die olimpiade word die punte van Afdelings A, B en C bymekaargetel vir elke groep, en die wenner(s) word bekroon. Moedig die groepe aan om mekaar te probeer klop by die volgende faseles. Daar is 4 Interfase Olimpiades gedurende die jaar.

BY DIE HUIS

DOEN

Die kinders moet gedurende hierdie week in meer besonderhede kennis maak met die Islam-godsdiens.

- **Navorsing:** Laat hulle hulle ouers vra om te help om navorsing te doen oor die onderstaande boustene van die Islam-godsdiens. Hulle moet gebruikmaak van die internet en/of ander bronne en die resultate op 'n papier neerskryf. By elkeen is 'n paar riglyne wat gebruik kan word. Volgende week handig hulle dit in by hulle onderskeie kategete, wat dit op die bord of teen die muur plak.
 - **Mohammed**
 - Laat hulle meer uitvind oor sy geskiedenis, sy geboorte, waar hy geleef het, wat hy wou bereik, ensovoorts.
 - **Koran**
 - Hoe het die Koran ontstaan?
 - Wat glo Moslems oor die Koran?

- **Gebuike en gewoontes**
 - Hoe lyk Moslems se kleredrag?
 - Laat hulle meer uitvind oor hulle eetgewoontes.

- **Die Islam-godsdienst vandag**
 - Hoeveel Islam-gelowiges is daar in Suid-Afrika?
 - Hoeveel Islam-gelowiges is daar in die wêreld?

LEER

1 Korintiërs 1: 18 is 'n teks wat hulle gerus uit die kop kan leer: *Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God.*

AFSLUITING

Sluit af met 'n gebed, of laat een van die kinders 'n gebed doen soos vooraf met hom of haar gereël.